# Kritiese opmerkings op die pamphlet 'Prediking en Verbond'

S. Le Cornu

Ek vermoed dat o.a. deur die pamflet van D. Postma, **Prediking en Verbond** (1980, Potchefstroom: CJBF), die *voorwaardelike* verbondsgedagte groter veld begin wen het in die GKSA in die tweede helfte van die 20ste eeu.

Ds. Postma (oorlede in 2004)[1] volg W Heyns[2] se verbondsidees na (p.9) wat in die volgende verkeerde oortuigings eindig:

1. Die verbondsbeloftes kom almal toe wat gedoop is (p.12,37), contra Rom.9:6-8, wat leer dat in die sigbare kerk/verbondskring is daar kinders van die belofte en kinders van die vlees. Nie elkeen wat gedoop word is 'n kind van die belofte nie.

2. Die belofte van God word losgemaak van die vervulling (p.13,37), contra Rom.11:27 en Hebr.6:13-20 (sien ook DL 5.8).

3. Die wesentlike verskil in die verbond is die gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid van die verbondelinge (p.15,16,36,37) en nie in God se uitverkiesende genade in Christus nie, contra Rom.9:16.

4. Die mens se ontrou kan die trou van God tot niet kan maak (p.16,37), contra Rom.3:3,4.

5. Daar word 'n skeiding (en nie 'n <u>onder</u>skeiding nie) gemaak tussen uitverkiesing en verbond, deur die *<u>geopenbaarde leer</u>* van die Goddelike uitverkiesing (DL 1.14) weg te steek onder die 'nie-geopenbaarde dinge' (p.16,38). Wat God saamgevoeg het (uitverkiesing én verbond), mag geen mens skei nie, wel onderskei (DL 1.13).

6. Die troos van die doop van gelowiges word weggeneem deur dit te stel dat die doop slegs die 'objektiewe belofte' verseël (p.22), en nie ook die geregtigheid wat deur die geloof in ons harte 'subjektief' gewerk word nie (contra NGB art.33,34 en die doopsformulier: "Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy *inwendig <u>in</u> ons hart doen*. So bekragtig Hy *<u>in ons</u>* (subjektief) die heil wat Hy *<u>aan ons</u>* (objektief) meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n *inwendige en onsigbare saak* en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees.").

7. Geloof word 'n voorwaarde gemaak om regverdig te word, en word nie gesien dat dit 'n gawe en kenmerk van die verbond is nie (p.30), contra Ef.2:8-10 ("Het geloof is geen voorwaarde. Het is wel heilsnoodzakelijk, omdat het zelf tot het heil behoort." - Van Genderen en Velema se *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*, 1993: bl.565; sien ook NGB art.22: "Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus , ons Geregtigheid, omhels".)

---

[1] Sien hier vir die 'oorspronklike' Dirk Postma (1818-1890) se verbondsbeskouing: http://proregno.wordpress.com/2010/07/21/n-paar-teologiese-opvattings-van-dirk-postma-1818-1890/

[2] Let wel: niedie oorlede prof. JA Heyns van die NG Kerk in SA nie, maar W. Heyns, dogmatiek professor van die CRCNA, Calvin College, VSA, in die eerste helfte van die 20ste eeu.

8. Die vertrekpunt van die verbond word nie gesien in “die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is” (DL, 1.6; 2.8) nie, en word dit dus by implikasie in die mens se handelinge geplaas (p.31,32).

Laasgenoemde word veral bevestig deur Postma se gebruik van (arminiaanse ?) voorbeelde om die aanneem van die verbondsbeloftes te probeer verduidelik: “As ek jou R10 skenk, het jy dit nog nie. Dit word joune, as jy jou hand uitsteek en dit neem en in jou sak sit !” (p.14; sien ook p.22).

Of Postma dit besef het of nie, het hy geleer dat ‘n mens:

a) of God se onweerstaanbare reddende genade in Christus kan verwerp, of
b) Christus se bloed was nie genoegsaam vir die ‘ongehoorsaamheid’ van die bondeling wat nie in gehoorsaamheid geantwoord het op God se eise nie (p.39) !
en eindig sy beskouing dus weer in ‘n werksverbond.
As almal op *dieselfde* wyse deel aan die genadeverbond (p.37), hoekom gaan sekeres dan verlore ? Het Christus nie ook vir hul sonde van ‘verbondsongehoorsaamheid’ gesterwe nie (sien DL 2.8, veral laaste deel wat leer dat al die sondes van hulle wat in die genadeverbond is, vergewe is, d.w.s betaal deur Christus se bloed).

Volgens Postma se verbonsbeskouing, beteken dit die verskil moet in die mens lê en nie by God wat barmhartig is nie (Rom.9:16, 18).

Postma se standpunt – en die kondisionele oftewel voorwaardelike verbondsidee met al sy konstruksies – neem troos en hoop van die gelowige weg, omdat die beklemtoning en fokus nie op Christus en al sy weldade is nie, maar op die sondige mens en sy vermoëns, soos Postma dit ook stel, dat met sy vertrekpunt in die voorwaardelike verbond: “dit beklemtoon dat die verantwoordelike **geloofsreaksie** van die kinders op die gepredikte verbondsbelofte deel gee aan die heil.” (p.38).

As Postma bedoel het dat die geloof ‘‘n gawe van God’ is (DL ¾.14) wat ‘slegs die *middel* (is) waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels … (NGB art.22, en dat) ‘die geloof die *middel* is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind’, dan was dit nie ‘n probleem nie, maar in sy verbondskonstruksie ‘hang dit af’ van (d.w.s. word dit bepaal deur) die mens se geloofs**<u>reaksie</u>** of hy die heil ontvang of nie, en nie van ‘God wat barmhartig is’ nie (Rom.9:16).

Herman Bavinck, gereformeerde teoloog van Nederland, skryf:

> “Ook het geloof komt hierbij niet in aanmerking, want het geloof kan niet de voorwaarde of de grond der verkiezing zijn, wijl het haar gevolg en vrucht is. … Want indien de saligheid voor een grooter of kleiner deel van den mensch afhang, van zijn geloof en van zijne goede werken, dan ware ze eeuwig voor hem verloren. Maar nu leer ons de raads Gods, dat de verlossing van het begin tot het einde Gods werk is, het Goddelike werk bij uitnemendheid. … Er komt niets in van den mensch. …
>
> Daarom dienen wij er wel op te letten, dat die belofte niet voorwaardelijk, maar zoo beslist en zoo stellig mogelijk is. God zegt niet, dat Hij onze God wil zijn, indien wij dit of dat doen. Maar hij zegt, dat Hj vijandschap zal zetten, en dat Hij onze God zal

zijn, en dat Hij in Christus ons alle dingen schenken zal. Het genadeverbond kan in zijn wezen door alle eeuwen heen hetzelfde blijven, ***omdat het alleen van God afhangt*** en God de Onveranderlijke en de Getrouwe is. Het werkverbond, dat met den mensch voor den val werd opgericht, was verbreekbaar en is verbroken, omdat het afhang van een veranderlijk mensch. Maar het verbond der genade ligt enkel en alleen in Gods ontferming vast.

Menschen mogen ontrouwen worden, maar God vergeet zijne belofte niet. Hij kan en mag zijn verbond niet verbreken. Hij heft er zich vrijwillig, met een duren eed toe verplicht; zijn naam, zijn roem, zijn eere hangt era an. Het is om zijns zelfs wil, dat Hij de overtredingen van zijn volk uitdelgt en hunner zonden niet gedenkt, Jes.43:25; 48:9; Jer.14:7,21. En daarom mogen Bergen wijken en heuvelen wankelen, maar zijne goedertierenheid zal van ons niet wijken en het Verbond zijns vredes zal niet wankelen, zegt de Heere onsze Ontfermer, Jes.54:10 " (*Magnalia Dei*, (Kampen: Kok, 1931), p.250, 252, 255,257,258)

Teenoor die voorwaardelike kontrakbeskouing (werkverbond) wat Postma leer, bely ons DL 2.8 as ons troos, wat die noue band en onderskeid tussen uitverkiesing en verbond volgens die Skrif netjies vashou en uiteensit:

"Dit was immers die volkome **vrye raadsbesluit**, genadige wil en voorneme van God die Vader dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die **uitverkorenes** tot voordeel sal strek. So het God **slegs aan die uitverkorenes** die regverdigende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis—waarmee Hy **die nuwe verbond** bevestig het—uit elke stam, volk, geslag en taal hulle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos wat **van ewigheid af** tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder dat Hy hulle van al hulle sondes—sowel die erfsonde as die werklike sonde wat na en voor die geloof begaan is—deur sy bloed sal reinig. Ten slotte dat Hy hulle **tot die einde toe getrou sal bewaar** en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem.

Meer artikels oor die genadeverbond: http://proregno.wordpress.com/2010/06/23/n-vriend-van-god-artikels-oor-die-genadeverbond/